# Boekbesprekings / Book Reviews

**Burger, C W, Müller, B A & Smit D J (reds) 1997 – Riglyne vir prediking oor die eenheid van kerk**

Kaapstad: Lux Verbi. 190 Bladsye. Prys: Onbekend

**Resensent: Dr H J Botes**

Hierdie *postille* is die jongste toevoeging tot die baie bekende en populêre *Woord teen die lig*-reeks. Soos die titel aandui, handel die aangebode preke oor die moeilike kwessie van die eenheid van die kerk.

Die eksegetiese arbeid van elke van die preekmodelle getuig van deeglike wetenskaplike navorsing. Die medewerkers het baie moeite gedoen om die Skrifgedeelte waarvoor hulle verantwoordelikheid geneem het, behoorlik te deurtrap. Die volledige bibliografieë wat aan die begin van elke preekmodel verskaf word, gee blyke dat daar diep gedelf is om tot behoorlike insig te kon kom. Die eksegetiese arbeid wat in die bundel neerslag gevind het, maak dit 'n aanbevelenswaardige werk. Vir 'n predikant wat oor die onderhawige skrifgedeeltes wil preek, is die basiese Skrifuitlegwerk klaar gedoen.

Die toepassingsgedeeltes van die preke skep heelwat probleme. Die outeurs is almal vakmanne wie se wortels in die teologie van die Nederduitse Gereformeerde setel, dus almal mense wat in meerdere of mindere mate gevorm is deur die vrye-kerk-benadering. As sodanig is dit te verstaan dat nie een van hulle blyke gee van die volkskerklike uitgangspunt nie. 'n Eerlike verdiskontering van die volkskerkbegrip in die kerkeenheid debat is onontbeerlik. In die werk onder bespreking word slegs uit een hoek na kerkeenheid gekyk. Die dwingendheid van eenheid in die NG-Kerkfamilie is in byna elke preek se toepassing dominant. Dit as sodanig gee aan die bundel bykans 'n vlugskrif karakter ten behoewe van 'n vooropgesette doel: eenheid tussen bepaalde kerke is sonder verdere beredenering 'n *sine qua non*.

Wat verdien om vermeld te word, is die feit dat by die lees van die werk 'n mens opnuut onder die indruk kom in welke mate *skismas* deur die eeue heen die kerk uitwendig verflenter het. In die opsig dwing die predikasies in die bundel tot ernstige nadenke, in die sin dat dit 'n verwondering wek oor groepe en rigtings in die kerk wat so gemaklik kon afskei sonder om te besef hoe die kerk gefragmenteer word.

Daarby laat die boek die leser ook opnuut besef dat 'n verdeelde kerk die geloofwaardigheid van die kerk aantas. As daar kerkeenheid onder byvoorbeeld die Afrikanervolk of die Vendavolk of watter volk ook al bestaan het, sou die kerk met soveel meer gesag kon praat binne die gegewe konteks waarbinne die kerk die gebied van God se magsontplooiing moet wees.

Die werk word aanbeveel met die hoop dat dit nadenke oor kerkeenheid sal stimuleer en ook lesers sal dwing tot nadenke oor die verskillende moontlikhede en gedagtes oor kerkeenheid.


Digitised by the University of Pretoria, Library Services